HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

SEKRETARESSE DAG

Woensdag, 5 September is sekretaresse dag.

Graag dink ons die week SPESIAAL aan ons skool se 5 sekretaresses.
Hulle doen wonderlike werk en ons waardeer hulle opreg!!!

WESGROW-REEKS

Met die afhandeling van die reeks
Maak ons graag die algehele stand van sake bekend.

Netbal Algeheel – 7de
Dogters Hokkie Algeheel – 7de
Seuns Hokkie Algeheel – 4de
Rugby Algeheel – 6de

Baie sterkte met die skool se Gholfdag wat plaasvind op Vrydag 7 September te Schoemanpark.

Somersdrag is verpligtend vanaf Maandag 10 September. Leerders mag glad nie somers en wintersdrag meng nie.

SEWES RUGBY EN 'FAST FIVE' NETBAL

Veral geluk aan ons o/17 sewes rugby span met hulle mooi prestasie tydens die Mi-Way toernooi.

Wen Stallions 36-14
Wen Sentraal 2 54-5
Wen Louis Botha 22-19
Wen Sentraal 1 29-27 (Semi-finaal)
Verloor Grey 1 7-61 (Finaal)

Sterkte met die o/15 en o/17 wedstryde die naweek op Potchefstroom.
Die "fast five" netbal speel oor twee naweke.

"WORLD DISCO DANCE"

Geluk aan Mia van der Walt wat gekies is vir die SA Disco dansspan wat in Swede gaan deelneem.

KOORBESTUUR 2019

Voorsitter: Beulah Steyl
Ané Bodenstein
Leandra de Jonge

WOW SPELFEES

Die volgende leerders het aan die Provinsiale WOW Spelfees deelgeneem.

Gr. 8 Mart-Alet Coetzer
Gr. 9 Elané Bekker
Michelle Castelyn
Gr. 10 Nicolene van Tonder
Isak van der Merwe

Miranda Nel eindig 3de in die o/15 ouderdomsgroep met die Oranje Straatmyl.

TENNIS

Baie sterkte met die seunstennisspan se toernooi vanaf Woensdag 5 September in Bethlehem.

HOOFDESIMPOSIUM

Mnr van der Merwe woon vanaf Saterdag 8 September tot Woensdag 12 September 'n hoofdesimposium in Port Elizabeth by. Ongeveer 800 hoofde landswyd bespreek belangrike onderwyssake.

VOORTREKKERS

Jeugleiers vir 2019
Rohandré Coetzee
Anje van der Spoel

ENTREPRENEUR VAN DIE JAAR KOMPITISIE

Stem asseblief vir Kyla Lessing wat ingeskryf het vir die Entrepreneur van die jaar kompetisie deur die link te volg.

https://scooler.co.za/contestant/kyla1/

KRIEKET OEFENTYE

Seuns moet seker maak by hul afrigters hoe laat hulle spanne oefen.



ATLETIEK OEFENTYE

Die atletiek oefentye is soos volg:
Alle items – Maandae tot Donderdag om 15:00
Spiesgooi – Donderdae en Dinsdae om 14:15

FICHIE-GROETE